# Hoërskool Bergvlam

## Afrikaans EAT
## Graad: 12

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | |
| **Tyd** | : | 1 Periode |
| **Punte** | : | 20 |
| **Sleutel** | : | |

| | | |
|---|---|---|
| **Moderator** | : | L. Fullard |
| **Eksaminator** | : | L. Fullard |
| **Taak** | : | 5 [Mondeling: VB Toespraak] |

| | | |
|---|---|---|
| **Naam** | : | |
| **Van** | : | |

**Punte**

**20**

**OPDRAG:**

Berei 'n toespraak voor vir ongeveer **2 ½ tot 3 minute** (ongeveer 350 woorde).




Die toekoms is gefokus op die **4IR (Vierde Industriële Revolusie)** vereistes. Jy betree volgende jaar die werkerskorps en begin bou aan 'n loopbaan vir die toekoms. Jy moet 'n gehoor van <u>matriekleerlinge toespreek</u> oor jou eie **toekomsplanne na matriek** en waarom jy daarop besluit het. Deel met die gehoor jou drome, navorsing, statistieke, oorwegings, ens.


Onthou om te dink aan wat die toekoms met 4IR vir ons inhou.



















**Hou die volgende in gedagte wanneer jy jou toespraak voorberei:**

- ✓ Wie is jou gehoor?
- ✓ Moet nie jou gehoor groet aan die begin nie.  Begin met treffende inleiding.
- ✓ Interessante INLEIDING en SLOT!
- ✓ Bring humor in waar dit gepas is.
- ✓ Retoriese vrae.
- ✓ Logiese volgorde van jou toespraak
- ✓ Moenie Engelse woorde gebruik nie.
- ✓ Maak oogkontak met jou gehoor.
- ✓ Gebruik stemtoonwisseling gedurende jou praatjie.
- ✓ Jy mag hulpmiddels gebruik.
- ✓ Jy MOET PRIKKELKAARTE (CUE CARDS) gebruik.  Maak die kaarte poskaartgrootte en skryf/tik jou toespraak gedeeltes daarop.  Nommer die kaarte sodat jy dit in volgorde kan hou.  Moenie dit aanmekaar vaskram nie.
- ✓ Staan netjies regop met jou voete effe uitmekaar.  Moenie jou knieë knak nie.
- ✓ Praat hard en duidelik.
- ✓ Moet nie jou gehoor bedank aan die einde nie.
- ✓ Geniet jou aanbieding.

**Prosedure tydens assessering:**

- ✓ Handig jou RUBRIEK met jou naam, van, klas en datum daarop ingevul by jou onderwyser in.
- ✓ Handig ook ʼn AFSKRIFvan die toespraak in alvorens jy jou praatjie lewer.
- ✓ Hou jou PRIKKELKAARTE by jou vir die lewering van jou toespraak.

| INHOUD EN KOMMUNIKASIE (10) | | |
|---|---|---|
| **UITSTEKEND** | • Uitsonderlike interpretasie van die onderwerp<br>• Uitsonderlike ontwikkeling van feite<br>• Treffende inleiding en slot<br>• Uitstekende spreker | **9-10** |
| **BAIE GOED** | • Baie goeie interpretasie van die onderwerp<br>• Ontwikkeling van feite is goed<br>• Interessante inleiding en slot<br>• Moeite werk om na te luister | **7-8** |
| **GOED** | • Verstaan onderwerp goed<br>• Bewys van beplanning en voorbereiding<br>• Interessante idees | **5-6** |
| **GEMIDDELD** | • Verstaan onderwerp maar idees is nie heeltemal ontwikkel nie<br>• Baie algemeen en alledaags | **3-4** |
| **SWAK** | • Swak interpretasie van die onderwerp<br>• Idees soms misplaas<br>• Moeilik om na te luister (geen beplanning nie)<br>• Geen interpretasie van die onderwerp nie<br>• Geen boodskap | **1-2** |
| **AANBIEDING (5)** | | |
| **UITSTEKEND** | • Praat met uitermatige selfvertroue<br>• Uitstekende stemgebruik en liggaamstaal<br>• Professionele aanbieding | **5** |
| **BAIE GOED** | • Praat met selfvertroue<br>• Praat vlot en met oortuiging<br>• Goeie liggaamshouding en stemgebruik | **4** |
| **GOED** | • Is in staat om boodskap met selfvertroue oor te dra<br>• Gebruik en beheer stem en liggaamshouding | **3** |
| **GEMIDDELD** | • Senuweeagtig, maar dra boodskap oor<br>• Nie volle beheer oor stemgebruik en liggaam<br>• Pouserings in aanbieding | **2** |
| **SWAK** | • Baie senuweeagtig, moeilike bepunting<br>• Kan glad nie kommunikeer nie | **1** |
| **TAAL EN WOORDEGEBRUIK (5)** | | |
| **UITSTEKEND** | • Uitstekende taal, idioom en woordeskat<br>• FOUTLOOS | **5** |
| **BAIE GOED** | • Baie goeie taalvaardighede<br>• Min foute<br>• Goeie woordeskat en idiomatiese gebruik | **4** |
| **GOED** | • Goeie taal- en woordgebruik<br>• Foute nie hinderlik nie | **3** |
| **GEMIDDELD** | • Taalgebruik en woordeskat gemiddeld<br>• Dra boodskap oor ten spyte van foute | **2** |
| **SWAK** | • Probleme met taal- en woordgebruik<br>• Onverstaanbaar | **1** |
| | **TOTAAL** | **20** |